

Preek Jan Steyn 19 Maart 2019 (Goeie Vrydag)

Teks: Psalm 31:1-16 en Lukas 23:44-46

Tema: Wie se hande?

Inleiding:

Vader, in U hande gee Ek my gees oor. Die laaste woorde van Jesus aan die kruis. Dit is sekerlik daarom sterwenswoorde. Ook Stefanus die eerste martelaar van die Christelike geloof roep dit uit as hy gestenig word in Handeling 7: Here Jesus ontvang my gees. Vir gelowiges soos die ou kerkvader Martin Luther of die martelaar Polikarpus wat onder die Romeine op die brandstapel gesterf het, was dit inderdaad hulle laaste woorde of sterwenswoorde.

Ons het basies dieselfde woorde in Psalm 31 gelees: In U hande gee ek my lewe oor. Ons kan lewe ook hier vertaal met asem of gees. Jesus se laaste uitroep het net Vader by- dit wys op die nou verhouding tussen Hom en die Vader. Die rede hoekom Jesus egter hierdie woorde aan die kruis as Sy laaste woorde uitgespreek het, het dalk egter met meer te doen gehad as dat Hy die psalm geken het en daarom hierdie woorde uit die Psalm aangehaal het. Alle Joodse kinders van daardie tyd is geleer om voor hulle te gaan slaap hierdie gebed te bid: In U hande gee ek my lewe oor. As hulle die volgende oggend wakker geword het, is hulle weer geleer om te bid: Dankie dat U my lewe vir my teruggegee het. Jesus het SY laaste kruiswoord dus waarskynlik uitgespreek omdat Hyself as Joodse kind voor Hy saans gaan slaap het hierdie gebed telkens gebid het.

Psalm 31 is vandag juis so belangrik vir die tyd waarin ons leef. Ons sien geloof of hoor by die TV predikers dat geloof eintlik moet saamgaan met vreugde, kommerloosheid, oorwinning, voorspoed, sekerheid en vrede. Ons sukkel egter met vreugde, ons is vol bekommernis, ons beleef maar min oorwinning of voorspoed by tye en daar is meer onsekerheid en onvrede in ons harte as sekerheid en vrede. Psalm 31 leer ons weer geloof beteken om God se werksaamhede in ons hele lewe te herken, nie net in die goeie en geseënde tye nie. Geloof is om te weet dat in elke emosie wat ons deurmaak, God by ons is. Dat Hy in ons klag en twyfel, maar ook in ons lof en dankbaarheid by ons is. Jy mag ook maar kla en twyfel by God! My pa het altyd gesê jy kan by God kom met armpies in die lug en met skouertjies wat hang. Koos van der Merwe het hierdie pragtige lied naggebed wat juis hierdie gedagte verwoord:

Ek glo dat U God is oor die engel en die stof

Ek glo dat U God is oor my klagte en my lof

U is en daar is nêrens waar U nie is nie.

Geen swakheid kan U uithou nie

Geen skande kan U weghou nie

Orals waar ek boos of heilig is

In die nag wanneer ek nie weet nie

Sal ek weet U weet U hoor U sien U is

En daarom is daar lig ook in die nag

En orals waar U is, is U God, en orals waar U is, is dit reg

En orals waar U is, is dit goed.

In watter hande kan ons lewens beland?

Ons kan in die hande van ons omstandighede wees- dit wat ons bang maak en bedreig.

Dawid vertel van mense wat hom bedreig- sy vyande wat hierdie vangnette vir hom gestel het en hom wil doodmaak. Hy praat van ellende in sy lewe, die bedreiging van sy lewe. Hy skryf my lewe vergaan van kommer en my jare van swaarkry. Hy skryf van die jarelange soort probleme en bekommernis wat jou liggaam fisies ook laat ingee. My oë het swak geword van verdriet, ja alles in my. Letterlik my liggaam en my siel. Hy is eenkant geskuif en hy leef in isolasie- ek is 'n verskrikking vir my bekendes, ek is vergeet. Hy is nie net uitgeskuif deur sy vyande nie, maar deur mense na aan hom. Die mense na aan hom het van hom weggedraai: Weet jy, Dawid het so baie probleme, ek weet nie meer wat ek vir hom moet sê nie. Ek weet nie meer hoe ek hom kan help of bemoedig nie. Ek is seker daar is baie dae wat Dawid in hierdie omstandighede vasgekyk het en eenvoudig oorweldig gevoel het.

Is ons nie ook soms in die hande van ons omstandighede nie? Kyk hoe lyk ons land- daar is so baie verkeerd, so baie onsekerheid, so baie korrupsie. Ons geld gaan nie uitkom nie, hoe duur gaan kos en petrol nog word, gaan hulle ons pensioene vat, ons grond vat, ons lewens vat? Gaan die krag net iewers uitloop en ons vir twee weke of meer duisternis ervaar? Gaan die skelms ooit aan die pen ry? Jy kan maklik lewe van vrees tot vrees en angs tot angs. As jy in die hande van jou omstandighede allleen is, gaan dit met jou goed gaan as die omstandighede goed is en sleg gaan as die omstandighede

sleg is. Soos die branders van die see- heen en weer gewaai deur die branders van omstandighede wat verander.

Ons kan in die hande van mense wees: hulle wat ons teenstaan of hulle vir wie ons wil beindruk en tevrede stel

Dawid vertel van die vyand of vyande wat vir hom strikke stel en sy lewe bitter maak. Jou lewe kan in die hande wees van hulle wat jou teenstaan of wat negatief of afwysend teenoor jou is. Daardie boelie by die skool wat jou spesifiek target, die baas wat al sy slegte buie op jou uithaal, die kritiese ouer of huweliksmaat wat nooit met jou tevrede is nie, mense wat witmense wil uitmoor, maar nie nou al nie. Jy kan later so afgebreek word deur die las van negatiewe mense en hulle negatiewe kommentaar om jou dat jy later voel: daar is nie iets verkeerd met wat ek doen nie, daar is iets verkeerd met wie ek is. Ek is seker Dawid het baie dae gevoel my lewe is in die hande van my vyande- hulle het die mag en ek is magteloos.

Jy kan ook in die hande van mense wees wat jou goedgesind is en positief oor jou is. Dan is jy die slaaf van hulle opinie oor jou of hulle goedkeuring oor jou. Dan is jou lewe ook in hulle hande. Solank ek positiewe terugvoer van hulle kry, vlieg ek hoog en is ek positief. Maar mense wat by my tel se kritiek laat my uitmekaarval.

As mense se teenstand of kritiek die kwaliteit van jou lewe bepaal is jy diep in die moeilikheid. Dan het jy hulle die mag gegee om jou graad van vrede en geluk en tevredenheid te bepaal.

Henri Nouwen skryf hierdie wonderlike boek the Way of the Heart en beskryf so raak hoe ons ons lewens so maklik inrig volgens die affirmation of goedkeuring van ander mense of hulle afkeer en kritiek op ons:

Who am I? I am the one who is liked, praised, admired, disliked, hated or despised. What matters most is how I am perceived by my world- hoe sien ander mense my? If being busy is a good thing, then I must be busy. If having money is a sign of real freedom, then I must claim my money. If knowing many people is proves my importance, I will have to make the necessary contacts. The compulsion- om mense se goedkeuring te soek- manifests itself in the lurking fear of failing and the steady urge to prevent this by gathering more of the same- more work, more money, more friends.

Ons lewens kan in ons eie hande wees:

Ek is 'n selfgemaakte mens- waar ek in die lewe gekom het, het ek gekom op eie stoom en in my eie krag. Ek is vir myself verantwoordelik en ek het nie die man daarbo of enigiemand anders se hulp nodig nie.

Ek neem met onrus kennis van die ou dwaling in nuwe klee met die naam van spiritualiteit wat deur mense soos Flip Schutte gedryf word: Nou projekteer ons nie meer ons aanbidding, lof, aandag en energie na die navolging van 'n eksterne illusie of goddelike wese nie, maar ons gebruik ons kreatiwiteit en skeppende energie om onself te herontdek. Dis die lewe in jou eie hande. jy is god. Dis die mees armoedige lewe wat daar is, al word dit as hoe bewindend en bevrydend opgeruk. Dis soos broccoli- jy kan hom kaassous en witsous oorgooi, maar hy bly broccoli!

Ons lewens kan in ons program se hande wees:

Ons program is dit wat ons vandag gedoen moet kry. Soms of dalk baie keer dryf hierdie program jou. Dis nie altyd slegte goed wat op jou program is nie- die dinge wat jy by die werk gedoen moet kry of wat jy vir jou gesin of kinders moet doen of selfs vir die kerk moet doen. Maar die gevaar is dat ek my lewe en die sinvolheid van my lewe kan begin meet net aan wat ek gedoen kry of bereik. Mary Bell skryf: Achievement is the alcohol of our time.

Mense word slawe van hulle programme en plaas so hul lewens in hul programme se hande. Ons glo mense met vol programme en wat altyd besig is en baie gedoen kry is belangrik en suksesvol. Timothy Keller skryf so raak hieroor: Of all the subjects we obsess about- success is the one we lie about the most- that success and its cousin money will make us secure, that success and its cousin power will make us important, that success and its cousin fame will make us happy.

Ons kan ons lewe in God se hande plaas:

Dis wat Dawid kies. In U hande gee ek my lewe (asem of gees) oor, want Here troue God, U het my vry gemaak. Vers 15: Maar ek vertrou op U Here, ek sê my tye is in U hand. Sy tye is nie in die hande van sy vyande of die mense wat hom goedkeur nie, sy lewe is nie in die hande van sy omstandighede of dit nou positief of negatief is nie. Dawid se lewe is nie in sy eie hande of in die hande van alles wat my gedoen of bereik kry as koning nie. Dawid se lewe is in God se hande en daarom plaas hy dit opnuut in God se hande. Mense as Dawid hierdie gebed bid: aan U gee ek my lewe oor, My tye is in U hand gebeur daar hierdie magskuif in sy lewe- nie my vyande of omstandighede of ekself of wat ek kan doen of bereik is in beheer nie. God is in beheer. Iemand skryf: God became the stability of His times.

God se hande is simbool van die beskerming van God, dis uitdrukking daarvan dat ons by Hom in Sy hande veilig is. As Jesus in Johannes 10 oor Homself as goeie Herder praat, praat Hy van Homself en die Vader: Ek gee hulle die ewige lewe en hulle sal in ewigheid nooit verlore gaan nie. Niemand sal hulle uit My hand ruk nie. Die wat die Vader My gegee het, is die belangrikste van almal en niemand kan hulle uit die hand van my Vader ruk nie. Ek en die Vader is Een. Een engelse kommentaarskrywer

skryf dat as die Bybel oor God se hand praat dit op twee dinge dui: Power and authority. Niemand kan hulle uit die hand van die Vader ruk nie.

As jy jou lewe in God se hande se hande plaas bely jy wat Dawid in vers 9 bely: U het my 'n veilige staanplek gegee. Sommige engelse vertalings vertaal veilige staanplek hier as a broad place- a place of safety and security.

Slot: In U hande: Gebed van die lewe:

Ek het aan die begin verduidelik dat hierdie woorde in U hande gee ek my gees of lewe oor die laaste woorde van Jesus en mense soos Maarten Luther was. Die digter van Psalm 31 dink egter nie aan die dood as hy die woorde van vers 6 uiter nie, maar wel aan hierdie lewe waaruit hy die Here vra om hom te red uit die hande van sy vyande en vervolgers. Here ook in hierdie lewe het my vyande nie die finale sê of die finale mag nie- U het. Dis wat hy hier bely. As hy sy lewe in die hande van die Here gee, beteken dit nie die einde van die lewe of hierdie moedelose laaste uitroep nie, maar die begin. Hy vra Here, maak hierdie my lewensmotto- dat ek in alles en in alle omstandighede my lewe in U hande sal gee. As die Here Jesus self die woorde aan die kruis uitroep is dit nie 'n doodsuitroep nie, maar 'n uitroep van lewe, van redding en van hoop. Die Here Jesus het self voor sy dood voorspel dat die tempel van SY liggaam afgebreek gaan word, maar binne drie dae weer opgebou gaan word. Hy het die laaste woorde uitgespreek met die vertrou van die Joodse kind wat gaan slaap. Vader, in U hande gee ek my lewe oor, want Ek gaan weer wakker gemaak word, weer opstaan. Ek wonder of Jesus by Sy opstanding dalk gesê of gedink het: Vader, dankie dat U my lewe vir my teruggegee het.

Ja Jesus het gesterf vir ons sonde, Hy het gesterf om ons vry te maak van die mag van die dood, maar net so belangrik: Hy het ons kom leer hoe om te lewe- hoe om hierdie lewe van absolute vertrou in God te leef. Jesus se laaste uitroep aan die kruis en die verwysing daarvan na Psalm 31 het Christene deur die eeue herinner om hulle lyding en swaarkry in die Here se hande te gee.

Ek wil afsluit met enkele opmerkings oor vers 15: Maar ek vertrou op U Here, ek sê: U is my God. My tye is in U hand. Hierdie tye is al my tye: die swaarkrytye, die voorspoedtye, die jongmenstye, die ouemenstye, die verlede, hede, toekoms, eindtyd en tot in ewigheid is in God se hande. In sy kategismus skryf Maarten Luther so oor hierdie vers. Now I put my life, all my times, in your hand. And then I am going on with my life, loving you, caring for my neighbors and living each day with strength and courage.

Om jou lewe en tye in die Here se hande oor te gee, gee jou moed vir hierdie lewe. Hoekom? Karl Barth het my laat besef hoekom:

God se hande is die hande van ons Heiland of Redder Jesus Christus. Dit is die hande wat Hy wyd uitgesprei het toe Hy geroep het: Kom na My toe, almal wat uitgeput en oorlaai is en Ek sal julle rus gee. Dis is die hande waarmee die Hy kindertjies geseën het. Dis die hande waarmee Hy die brood gebreek het en aan die vyf duisend in die woestyn uitgedeel het en ook weer aan Sy dissipels kort voordat Hy gesterf het. Dis uiteindelik die hande wat tot die versoening en redding van ons almal aan die kruis vasgenaël is.

Ek het as student in 1995 iets ervaar van hierdie hande van ons Here Jesus Christus:

U het my onthou, ek met my tref-en-trap-bestaan

wat by so baie verby snel, hulle miskyk of net weer vergeet.

U het my onthou, U kan my nooit vergeet,

my naam is in U palm geskrywe

en daar aan die kruis

is my naam met die spyker al dieper in U vlees gemoker.

Dis die hande in Wie ek my lewe en al my tye kan oorgee.

Amen.